basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings.

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se Kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Veertig sinkplate teen die Suidewind" | 18 | 34 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 17 | 36 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Ek het 'n huisie by die see" | 17 | 38 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Palimpses" | 18 | 40 |

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Kort ná sonop is hy aan die rand van die Bos en hy kry die karige plankgeboutjie sonder veel gesoek. Hy klop en wag. Die ou bruinman wat kom oopmaak, skrik en staar hom ontsteld aan.
"Baas Saul?"
"Ek kom leen die geweer, Maska."
"Die geweer?" vra die oue agterdogtig. "Om wat te maak?"
"Ek het besluit dat Terblans nie Oupoot sal skiet nie. As iemand dit dan moet doen, sal dit ek wees."
Iets soos paniek maak ou Maska se klein swart ogies wild. "Jy? Jý gaan hom skiet?"
"Ja."
"Nee!" Dis 'n smeking om genade; hy steek sy hande voor hom uit en skud sy kop. "Nie jy nie. Asseblief, baas Saul ..."
"Leen my die geweer."
"Maar ek het net twee koeëls!" skiet hoop die ou man binne. "En niemand in hierdie bos sal vir jou 'n enkelte koeël bysit nie, hulle sal jou nie help nie, baas Saul."
"Twee koeëls is genoeg. Het jy kruit?"
"Dit lyk vir my die rykmanslewe het jou kop saf gemaak!" ruk ou Maska hom skielik op. "Lyk vir my jy vergeet lat Oupoot *Oupoot* is! Lat al die slim van al die olifante ..." Hy bly stil en staan vir 'n oomblik verbyster.

1.1 Waar was Saul toe Maska hom die vorige dag gesien het? (1)

1.2 Waarom wou Terblans vir Oupoot skiet? (1)

1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.3) en die antwoord neer.

Saul se besluit om vir Oupoot te skiet, het daarop gedui dat Saul (vir Oupoot gerespekteer het/vir Terblans gehaat het.) (1)

1.4 "Iets soos paniek maak ou Maska se klein swart ogies wild." (Reël 9)

Waarom was Maska paniekerig toe hy hoor dat Saul vir Oupoot wou skiet? (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.5 E.

Maska het vir Saul van kleins af geken. Waarom het hy op 'n stadium begin om vir Saul as "Baas Saul" aan te spreek?

A Saul het deftige klere gedra.
B Saul het nie meer in die Bos gebly nie.
C Maska het vir Saul as bewaarder van die Bos gerespekteer.
D Maska wou só vir Saul ompraat om nie vir Oupoot te skiet nie. (1)

1.6 "En niemand in hierdie bos sal vir jou 'n enkelte koeël bysit nie, hulle sal jou nie help nie, baas Saul." (Reël 15–17)

Gee DRIE redes waarom die Bosmense nie vir Saul sou help nie. (3)

1.7 "Dit lyk vir my die rykmanslewe het jou kop saf gemaak!" (Reël 19)

1.7.1 Hoe het Saul ryk geword? (1)

1.7.2 Wie was die eerste persoon wat vir Saul vertel het van hierdie manier om geld te maak? (1)

1.8 Waarom kan 'n mens vir Saul prys dat hy bereid was om sy rykdom te deel? (1)

1.9 Oupoot was deel van Saul se lewe.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die roman gebeur het:

- Oupoot het om Saul se blyplek gedwaal toe Saul siek was.
- Oupoot wou vir Saul wys hoe Meulbos verwoes is.
- Oupoot het verskyn toe Saul se ma dood is.
- Oupoot het aan Saul verskyn nadat Saul die tyding van sy pa se dood gekry het. (4)

1.10 Watter verskil, dink jy, sou dit aan die slot van die roman maak ten opsigte van Saul se lewe as Maska nooit vir Saul gaan vertel het dat Terblans vir Oupoot wou skiet nie? (1)

1.11 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die feit dat dit Stopforth was wat vir Oupoot geskiet het, was vir die leser 'n antiklimaks in die roman. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

"Omdat ek hier omdraai, Maska. Ek gaan nie verder nie – dis hier waar ons mekaar moet groet."

Toe ou Maska se skraal lyf regop ruk, is hy soos 'n dier wat skielik besef dat hy vasgekeer is. "Voor die Here sil jy gaat staan as jy vandag hier omdraai, Saul Barnard! Voor die Here, sê ek jou!"

"Ek het nie 'n keuse nie, Maska. Daar is dinge wat jy nie verstaan nie."

"Saul ..." Kate kom vinnig nader.

"Bly stil, Kate," keer hy haar en draai na Maska toe. "Ek is vas, Maska, ek het nie 'n keuse nie. Die mag van die mens is groter as wat selfs ek vermoed het."

"Saul!"

"Bly stil, Kate ... ek draai hier om, Maska, aanvaar dit en haal die verwyt uit jou oë sodat ek sonder skuld kan wegstap. As Oupoot my dier-broer was, is jy my hart-broer. Maska, ek is tot sterwens toe gedaan, ek weet nie wat om te sê nie. Laat my net 'n rukkie alleen met miss Kate." Maar die oue bly vasgekeer staan in sy nood en steek sy hande met 'n gebaar van desperaatheid na Saul uit. "Moenie dit vir my nog swaarder maak nie, Maska! Asseblief nie."

1.12 Saul het in die verlede ook die Bos verlaat omdat hy gevoel het dat hy nie 'n keuse gehad het nie.

1.12.1 Waarom het Saul as jong seun die eerste keer die Bos verlaat? (1)

1.12.2 Waar het Saul gaan bly toe hy die eerste keer die Bos verlaat het? (1)

1.13 "Die mag van die mens is groter as wat selfs ek vermoed het." (Reël 9)

1.13.1 Van watter mens het Saul hier gepraat? (1)

1.13.2 Noem TWEE maniere waarop hierdie mens sy mag in die Bosmense se lewe misbruik het. (2)

1.14 Hoekom het Kate aanhoudend nadergekom (sien uittreksel) om met Saul te probeer praat? (1)

1.15 Dink jy dit was reg van Kate om Saul te help? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.16 E.

Maska het desperaat by Saul gepleit om nie om te draai nie omdat hy gehoop het dat Saul ...

A en Jozef vrede sou maak.
B die erwe in die Bos sou koop.
C as houtkapper sou terugkeer Bos toe.
D vir die houtkappers sou wys waar die goud was. (1)

1.17 " ... aanvaar dit en haal die verwyt uit jou oë sodat ek sonder skuld kan wegstap." (Reël 11–12)

Waaroor, dink jy, sou Saul hierdie keer skuldig voel as hy die Bos weer verlaat? (1)

1.18 "As Oupoot my dier-broer was, is jy my hart-broer." (Reël 12–13)

Waarom kan ons sê dat Saul hier met sy beskrywing van die verhouding tussen hom en Maska reg was? Verwys in jou antwoord na Maska se optrede regdeur die roman. (1)

1.19 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.19.1–1.19.2) neer.

| hardkoppig; | individualisties; | eerlik; | skuldig |
|---|---|---|---|

Joram Barnard se een seun het na hom geaard, terwyl die ander seun van hom verskil het. Jozef was net so (1.19.1) ... soos Joram, terwyl Saul van Joram verskil het omdat Saul (1.19.2) ... was. (2)

1.20 Daar was verskillende vroue wat 'n rol in Saul se lewe gespeel het.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.20.1–1.20.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.20.1 | Hierdie karakter het Saul skuldig laat voel dat hy die Bos wou verlaat. | A | Beth |
| | | B | Sanna |
| 1.20.2 | Hierdie karakter het Saul probeer verneder oor sy verbintenis met die Bosmense. | C | Kate |
| | | D | Kate se ma |
| 1.20.3 | Hierdie karakter het vir Saul gehelp dat hy op gelyke voet met die inwoners van Knysna kon wees. | E | Jane |
| 1.20.4 | Hierdie karakter was die alibi sodat Kate en Saul saam kon wees. | | |

(4 x 1) (4)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.21) en die antwoord neer.

Een van Saul se karaktereienskappe was (sy haat vir leuens/dat hy alles geglo het wat aan hom vertel is). (1)

1.22 Die vernietiging van die Bos is 'n sentrale tema in hierdie roman. Waarom is hierdie tema vandag nog belangrik? (1)

**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

... "Wat van Anne Frank of ... of ..."

"Anne Frank het 'n lewe gehad waarin iets gebéúr het. En sy moes doodgaan voor sy beroemd geword het."

Goed. Anne Frank was 'n vrot voorbeeld. Só graag wil ek nou ook nie beroemd wees nie.

"Almal het 'n lewe waarin iéts gebeur," troos Beyers toe hy sien hoe bek-af ek na my preiesop staar. "En die res maak jy mos maar op. Skryf jou storie, Hanna."

Beyers is my stiefpa. Ek sou graag wou sê my bose stiefpa, maar ek kan nie so openlik lieg nie, nie eens in 'n storie nie. Hy's die beste man wat my ma nog ooit in haar lewe gehad het.

***

Liewe leser, ek wil vir my 'n lewe opmaak. Die lewe van 'n amper vyftienjarige meisie met 'n eksotiese naam soos Fabienne.

***

Maar ek hou nie van slangvellangbroeke nie. Of van strepe in my hare of ringe in my naeltjie of my wenkbroue of enige ander plek op my lyf nie. Nie eens aan my vingers nie. Ek is 'n enorme teleurstelling vir my trendy pa.

***

Beyers het vir ons die nuus aan tafel meegedeel (die slegste nuus in hierdie huis word altyd aan tafel meegedeel, gewoonlik terwyl ons sop eet) en toe begin almal gelyk gil en skreeu.

2.1 In watter stad het Hanna saam met haar ingewikkelde gesin gewoon? (1)

2.2 Waarom het Hanna vir Anne Frank as voorbeeld van 'n skrywer genoem? (1)

2.3 "Anne Frank het 'n lewe gehad waarin iets gebéúr het." (Reël 2)

Wat het Yann geïmpliseer toe hy dit vir Hanna gesê het? (1)

2.4 "Skryf jou storie, Hanna." (Reël 7)

Watter TWEE dinge kon vir Hanna help om 'n ongelooflike skrywer te wees? (2)

2.5 Beyers was die beste man vir Hanna se ma. Wat het ook van hom 'n goeie stiefpa vir Hanna gemaak? (1)

2.6 Waarom is Mana en Gavin, Hanna se biologiese pa, geskei? (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 2.7 E.

Die feit dat Hanna se pa by haar geboorte vir haar die naam Fabienne wou gee, het Hanna laat besef dat ...

A Mana vir haar die verkeerde naam gegee het.
B haar pa haar skryfboek in die hande gekry het.
C haar ouers nie baie waarde aan familiename geheg het nie.
D sy en haar pa meer in gemeen gehad het as wat sy gedink het. (1)

Kopiereg voorbehou 

2.8 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.8.1–2.8.2) neer.

| verbeelding; | naam; | opvoeding; | voorkoms |
|---|---|---|---|

Hanna het gevoel sy was 'n teleurstelling vir haar pa omdat sy so 'n vaal (2.8.1) ... gehad het. Haar ma het ook nie vir haar 'n uitsonderlike (2.8.2) ... gegee nie. (2)

2.9 Die verskillende karakters het óf 'n positiewe óf 'n negatiewe rol in Hanna se skryfkuns gespeel.

Kies die karakters in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.9.1–2.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.9.1 | Hierdie karakters was Hanna se inspirasie vir 'n romantiese verhaal. | A | Mana en Gavin |
| | | B | Pampoen en Patat |
| 2.9.2 | Hierdie karakters het Hanna aangemoedig om te skryf. | C | Yann en Sharon |
| 2.9.3 | Hierdie karakters was die oorsprong van Hanna se kreatiwiteit. | D | Amos en Tibo |
| | | E | Margot en Beyers |
| 2.9.4 | Hierdie karakters het geen waardering vir Hanna se digkuns gehad nie. | | |

(4 x 1) (4)

2.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.10) en die antwoord neer.

Kinders is gewoonlik nie deel van 'n wittebroodvakansie nie. Dit het Mana-hulle se wittebrood op die berg (vervelig/uniek) gemaak. (1)

2.11 Verwys na reël 16–18.

2.11.1 Wat lei jy uit die kinders se reaksie op die nuus van die wittebrood af? (1)

2.11.2 Hoekom pas dit by Mana se karakter om die hele gesin saam op 'n wittebrood te neem? (1)

2.12 Was dit 'n goeie idee van Mana en Beyers om die kinders op die wittebrood saam te neem?

Motiveer jou antwoord deur na die slot van die verhaal te verwys. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

"Ek gaan haar mis," sug Gavin toe die helikopter met 'n winderige lawaai opstyg.
"Ek ook," sug ek.
Sharon kyk verras na my.
"Lyk my ou Hanna Heks is toe ook betower," terg sy.
"My naam is nie Hanna Heks nie," sê ek met my neus in die lug. "Ook nie Hanna Hoekom nie. Van nou af kan julle my Fabulous Fabienne noem."
"So 'n bekkie moet mos botter kry," sê Gavin en drapeer sy arm oor my skouer.
Miskien verbeel ek my. Maar ek kan sweer hy kyk met vaderlike trots na my.
Dan sien hy dat Yann kop onderstebo na 'n struik staan en skop, terwyl Amos met 'n verwese uitdrukking oor Patat se wollerige lyf vryf, en hy klap sy hande vasberade saam.

***

Nou verloor Yann darem belangstelling in die struik voor sy voete. Gavin se donker oë glinster, maar nie op 'n bewoë manier soos Margot s'n nie, baie meer stuitig. Amper sê ek duiwelagtig.
"Kom nader, kinders, dat oom Gavin vir julle die les van die dag kan leer. As die kat weg is, kyk die muise na mekaar en sê ..."
"Let's party?" stel Yann voor.
"Jippieeee!" roep Tibo en Amos saam uit.

***

Jy kan sê wat jy wil van my peroksiedpa, besluit ek laat daardie nag, maar één ding is waar: Hy wéét van partytjie hou.

2.13 Gee DRIE redes waarom Hanna eers nie van Margot gehou het nie. (3)

2.14 " ... toe die helikopter met 'n winderige lawaai opstyg." (Reël 1–2)

2.14.1 Waarheen het die helikopter vir Mana en die baba geneem? (1)

2.14.2 Waarheen was Margot op pad? (1)

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.15) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 2.15 E.

As Gavin in reël 8 sê: "So 'n bekkie moet mos botter kry," beteken dit dat ...

A Hanna moes leer om haar woorde te tel.
B Gavin vir die kinders wou gaan kos maak.
C Gavin gehou het van iets wat Hanna gesê het.
D Hanna vinnig op Sharon se woorde gereageer het. (1)

2.16 Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Gavin sy arm om Hanna se skouers gesit het? (Reël 8) (1)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.17) en die antwoord neer.

Yann en Amos was ongelukkig omdat (daar nie plek vir hulle in die helikopter was nie/hulle ma weer weg was). (1)

2.18 "Gavin se donker oë glinster, maar nie op 'n **bewoë manier** soos Margot s'n nie, ..." (Reël 13–14)

Die leser het Margot leer ken as iemand wat voorgee/toneel speel.

Waarom kan die leser glo dat Margot regtig hartseer was toe sy met die helikopter weg is? (1)

2.19 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Gavin was die gees van die partytjie. (1)

2.20 Verskillende karakters het by die huis op die berg opgedaag.

Skryf die aankoms van die karakters by die huis op die berg onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Ditjie het almal op die berg onverhoeds betrap.
- Sharon het met 'n nuwe 4x4 by Hanna-hulle aangekom.
- Gavin het oor die drumpel gekruip.
- Margot het met 'n swart kledingstuk oor haar kop daar opgedaag. (4)

2.21 Hoe het die gebeure rondom die baba se geboorte daartoe bygedra dat Hanna toe anders na haar gesin gekyk het? (1)

2.22 Waarom kan ons met redelike sekerheid sê dat Hanna 'n storie sou skryf wat die wêreld sou verras? (1)

2.23 Wat sal jy vir tieners sê om hulle aan te moedig om hierdie boek te lees? (1)
**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Die ontbyt is 'n klein feesmaal van rogbrood en lewerpatee. Ook vars botter, kaas en koue ham. Daar is 'n opsigtelike wedersydse aanklank tussen Jacob en die Kaapse kêrel. Die gesprek wissel vlot van migrasie tot rare voëlspesies en vir 'n wyle word die werklikheid van die nag opsy geskuif.

***

*TAMBOERSKLOOF, KAAPSTAD, DINSDAG 25 DESEMBER 1984*

*'n Vreemde Kersdag. Ons slaap vanaand hier by prof en ek het besluit om nog 'n paar dae te bly. Jacob gaan môre terug. Dokter Weiss het vandag weer toetse gedoen: nog geen gevoel in haar beentjies nie. Ant Hansie en oom Matthys en Daniel het deurgekom saam met Fred en Tamara. Prof het hulle almal by die hospitaal ontmoet. Dit het vir my gevoel asof my twee wêrelde op 'n vreemde manier byeenkom. Ek het laatmiddag, terwyl prof vir Jacob die Instituut gaan wys het, 'n ent gaan ry. Tot by ons huis. Alles is herbou. Die tuin is mooi.*

***

*Dis al elfuur. Ek wil gaan slaap. Jacob en die prof sit nog steeds met 'n spul boeke daarbinne. Ek is bly hulle kom so goed klaar.*

Die stemme word 'n sagte, vertroostende dreuning agter die toe deur. Tussen wakkerword en slaap kom die vlamme weer vir die eerste maal in 'n lang ruk. Maar dit brand nie. Dit word jacobslelies.

3.1 Hoekom het Jacob so baie van voëls geweet? (1)

3.2 Waarom het Jakob die professor die "Kaapse kêrel" genoem? (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.3 E.

Die "werklikheid van die nag" (reël 4) verwys na ...

A Ryna se huis wat afgebrand het.
B Janka wat in die hospitaal was.
C Skalla wat doodgesteek is.
D Elsabet wat verdrink het. (1)

3.4 Waarom het Ryna daardie Kersdag as vreemd beskryf? (Reël 6) (1)

3.5 Uit die skietvoorval waarin Janka beseer is, het daar tog ook positiewe dinge gekom.

3.5.1 Hoekom kan 'n mens sê dat Jacob se ontmoeting met die professor 'n positiewe uitwerking op Jacob en Ryna se verhouding gehad het? (1)

3.5.2 Hoe het hierdie skietvoorval gesorg dat daar versoening tussen Jacob en Fred gekom het? (1)

3.6 In reël 10 praat Ryna van "my twee wêrelde".

Hoe het Ryna se twee wêrelde verskil? Verwys in jou antwoord na albei wêrelde. (2)

3.7 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.7.1–3.7.2) neer.

| vrede; trauma; plesier; haat |
|---|

Toe Ryna se huis in die Kaap in 'n brand verwoes is, het dit (3.7.1) … in haar lewe veroorsaak. Haar verblyf op Meeuland het vir haar (3.7.2) ... gebring. (2)

3.8 Dink jy dit was goed vir Ryna om terug te gaan na die plek waar sy soveel hartseer beleef het? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 *"Ek is bly hulle kom so goed klaar."* (Reël 14)

Waarom was dit vir Ryna belangrik dat Jacob en die professor goed met mekaar oor die weg moes kom? (1)

3.10 Waarom is reël 5–14 skuins gedruk? (1)

3.11 Ryna het 'n positiewe rol in baie karakters se lewens gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.11.1–3.11.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.11.1 | Ryna kon met hierdie karakter se hartseer oor die dood van 'n kind identifiseer. | A | Jannerik |
| | | B | Ousanna |
| 3.11.2 | Ryna het hierdie karakter gehelp om die lewe op Meeuland, ver van alles en almal af, beter te hanteer. | C | Attie |
| | | D | Doreen |
| 3.11.3 | Ryna het hierdie karakter se vertroue in liefde herstel. | E | Elsabet |
| 3.11.4 | Ryna het hierdie karakter as kollega ondersteun. | | |

(4 x 1) (4)

3.12 "Maar dit brand nie. Dit word jacobslelies." (Reël 17)

Verduidelik die simboliek van die jacobslelies in Ryna se droom. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Hy tuur weer oor die see. Dis reeds sterk skemer. Dit klink asof sy stem vanuit die see uit na haar toe aankom. "Meeuland gaan as guano-eiland sluit. Ek sal wal toe moet kom. Mac het my vanmiddag gesê."

Vir 'n paar oomblikke kan sy glad nie begryp wat hy sê nie. "Jy? Wal toe?"

Die totale omvang van sy woorde tref bietjie vir bietjie. Hy steek sy hand na haar uit, raak haar vingers versigtig aan en hulle hande verstrengel ineen met honderde onuitgespreekte woorde wat tussen hulle in die lug en oor die see hang. Die telefoon lui.

Sy staan onwillig op en gaan binnetoe. Sy kom ná 'n rukkie weer by hom.

"Dis Daniel. Dis vir jou."

Hy het binnetoe gegaan en toe hy ná 'n kort rukkie uitkom, was hy meteens die ingehokte dier wat wou uit, wou weg. Soos op die aand van Janka se ongeluk. Sy oë was anders. Sy liggaam was anders. Snaarstyf gespan. Agter hom, omraam in die stoep se opening het die hoogwatersee vol en swart gelê.

"Ek kan nie hier eet nie. Ek moet gaan."

"Wat sê Daniel? Is dit Janka?"

"Nee."

"Wat dan?"

Hy't voor haar gestaan. Sy wou hom vashou. Alles in haar het uitgereik na die strakheid van sy gespanne liggaam.

3.13 In wie se huis het hierdie gesprek plaasgevind? (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.14) en die antwoord neer.

"Jy? Wal toe?" (Reël 4)

Met hierdie uitroep wys Ryna dat sy (geskok/opgewonde) oor die nuus is. (1)

3.15 Gee TWEE redes waarom dit vir Jacob moeilik sou wees om permanent wal toe te gaan. (2)

3.16 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Die feit dat die telefoon juis op dáárdie oomblik gelui het, was vir die leser 'n antiklimaks in die roman. (1)

3.17 Noem DRIE dinge wat Skalla van die begin van die verhaal af gedoen het om spanning by Jacob te veroorsaak. (3)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.18) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.18 E.

"Sy oë was anders." (Reël 13)

'n Mens kon heel moontlik ... in Jacob se oë sien.

A vrees
B haat
C hartseer
D vrede (1)

3.19 "Agter hom, omraam in die stoep se opening het die hoogwatersee vol en swart gelê." (Reël 13–14)

Waarom is die beskrywing van die see as "swart" so effektief? (1)

3.20 Waar het Skalla weggekruip toe Daniel en Donovan hom gesien het? (1)

3.21 Waarom, dink jy, was dit reg dat Daniel vir Jacob vertel het waar Skalla was? (1)

3.22 Sê nou jy was die aand by toe Daniel vir Jacob vertel het waar Skalla weggekruip het.

Watter raad sou jy vir Jacob gegee het oor wat hy moes doen? (1)

3.23 Jacob se lewe was vol drama.

Skryf die volgende vier gebeure in sy lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Elsabet het vir Jacob verlaat.
- Jacob moes tronk toe gaan.
- Ryna het onverwags op Meeuland aangekom.
- Jacob het sy eie kind aan die dood afgestaan. (4)

**[35]**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

… Dis doodstil in die woonstel. Braam is ook nie by die huis nie. Sy smeer 'n stuk brood en sny skuldig die laaste stukkie kaas vir haar toebroodjie. Daar is nog 'n halwe tamatie in die leë yskas en sy sit dit bo-op die kaas. Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese *runny tummy* hulle ook al mag bevind nie. Sy maak koffie met die aaklige, goedkoop poeierkoffie wat hulle die vorige Saterdag op *special* by Pick n Pay gekoop het. Haar ma sal darem seker iets koop om te eet, hoop Lien.

Sy gaan sit in die sitkamer en luister na die karre onder in die straat. Dis hemel op aarde om so alleen in die woonstel te wees.

Sy wonder oor Wouter. Is hy al moeg oor sy mislik is met die ander kinders by die skool? Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou. Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?

Sy is bang sy verloor hom. Dan het sy regtig niemand om mee te praat nie.

4.1 Waar was Braam gewoonlik smiddae as hy nie by die woonstel was nie? (1)

4.2 Waarom kan 'n mens verstaan dat Braam redes gesoek het om dikwels weg te wees van die woonstel af? (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die antwoord neer.

Die stilte in die woonstel het Lien se (geheime geldmaakplanne/ onbetrokke ma) verteenwoordig. (1)

4.4 Op watter DRIE maniere het Lien probeer om geld vir kos te verdien? (3)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.5 E.

"Sy weet nie wat hulle vanaand gaan eet nie en of haar ma enigsins aan kos gaan dink waar sy en haar chroniese *runny tummy* hulle ook al mag bevind nie." (Reël 3–5)

Uit hierdie gedagtes van Lien oor haar ma lei ons af dat Lien se ma ... was.

A lui
B besig
C werkloos
D onverantwoordelik (1)

4.6 "Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou." (Reël 11)

Waarom het Lien verkies om alleen te wees? (1)

4.7 Wouter het vir Lien aangemoedig om na die oudisie vir die toneelstuk te gaan. (Reël 11–12)

Hoe het dit Lien se loopbaankeuse later beïnvloed? (1)

4.8 Watter rol het Lien in die toneelstuk gekry? (1)

4.9 Lien se tienerlewe was nie altyd ideaal nie.

Skryf die volgende vier gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien het besluit om self geld te verdien.
- Lien se pa het bedrog gepleeg.
- Lien se gesin is herenig.
- Lien en die res van haar gesin is in armoede gedompel. (4)

4.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.10.1–4.10.2) neer.

| formele; ontspanne; ondersteunende; vaderlike |
|---|

Lien kon met Wouter identifiseer. Hy het 'n (4.10.1) ... rol in haar lewe gespeel. Hy het ook 'n (4.10.2) … verhouding met haar gehad. (2)

4.11 Lien se ma het daardie aand kos gekook en die gesin was gesellig saam.

4.11.1 Watter hoop het dit by Lien en Braam geskep? (1)

4.11.2 Op watter manier is Lien en Braam later die aand teleurgestel? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Die corner sonder entertainment

Toe haar selfoon se wekker die volgende oggend afgaan, weet Lien wat sy moet doen. Kort pouse wag sy vir Hein op die stoep toe hulle by die Wiskunde-klas uitkom.

"Hein, ek moet met jou besigheid gesels," val sy sommer met die deur in die huis.

Hein lyk ongemaklik. Hy kyk oor haar skouer na die ander kinders wat by die deur uitbondel. Sy soek na woorde. Dit gaan nie werk om die hele storie hier op die stoep te vertel nie. Sy sal hom iewers moet kry waar hulle rustig kan gesels.

"Sal jy asseblief ná skool saam met my by die Wimpy gaan koffie drink? Ek het 'n probleem en ek dink jy kan my help."

Hein lyk erg verleë en ongemaklik. Hy kyk oor sy skouers.

"Eintlik moet ek …"

"Net tien minute, *promise.*"

Hy stem teësinnig in.

Die hele dag dink sy aan Tibbey met die af bene. En aan Sproet.

Toe sy by die Afrikaans-klas uitloop, roep juffrou Breytenbach haar terug.

"Hoe gaan dit met die nek?"

Lien is vir 'n oomblik uit die veld geslaan. Sy kyk die juffrou onbegrypend aan.

"Jou nek wat jou so uit die skool hou?"

Lien voel sy bloos.

4.12 Wie het altyd die vermaak ("entertainment") op die straathoek verskaf? (1)

4.13 Wat het gebeur dat die straathoek daardie oggend sonder vermaak was? (1)

4.14 "Hein, ek moet met jou besigheid gesels, ..." (Reël 5)

Wat wou Lien vir Hein vra? (1)

4.15 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Hein was die regte persoon vir wie Lien kon vra om haar te help. (1)

4.16 Sekere karakters het tot Lien se moeilike omstandighede bygedra.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.16.1–4.16.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.16.1 | Hierdie karakter het Lien en haar gesin in finansiële moeilikheid laat beland. | A | Braam |
| 4.16.2 | Hierdie karakter het onredelik teenoor Lien in die werkplek opgetree. | B | Meneer Jooste |
| 4.16.3 | Hierdie karakter het aanvaar dat Lien haar liggaam vir geld sou verkoop. | C | Dirkie |
| 4.16.4 | Hierdie karakter wou geen verantwoordelikheid met Lien deel nie. | D | Tant Malie |
| | | E | Sproet |

(4 x 1) (4)

4.17 Verwys na reël 17.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.17) en die antwoord neer.

Juffrou Breytenbach het uitgevra oor Lien se nek omdat sy belanggestel het, maar ook (krities/agterdogtig) was oor wat in Lien se lewe aangegaan het. (1)

4.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.18) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.18 E.

Lien het gebloos (reël 20) omdat sy ...

A alleen moes agterbly nadat die klas verdaag is.
B besef het juffrou Breytenbach weet dat sy gejok het.
C ongemaklik gevoel het oor die juffrou se belangstelling.
D gedink het aan haar afspraak later die middag met Hein. (1)

4.19 "Die corner sonder entertainment"

Is dit gepas dat die opskrif van die hoofstuk uit Afrikaanse én Engelse woorde bestaan?

Motiveer jou antwoord. (1)

4.20 Wat is die figuurlike betekenis van Lien se **lankstaanskoene**? (1)

4.21 In hierdie verhaal gebruik Lien haar geld vir die huis en om vir Tibbey te help.

Wat sê dit vir ons van Lien se karakter? (1)

4.22 Tannie Bets en Gerhard, die jong dominee, het vir Lien en Braam met kos en goeie raad gehelp.

Motiveer met TWEE feite waarom dit vir Lien en Braam goed was om hierdie twee mense in hulle lewens te hê. (2)

4.23 Na 'n lang ruk het Lien besluit om haar ma in die kliniek en haar pa in die tronk te gaan besoek.

Watter TWEE positiewe gevolge het hierdie besluit van Lien gehad? (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

POPPIE. Kyk! Die weer draai, die tafeldoek lê oor die berg! Ai, dit was 'n goeie tyd vir ons! Daardie tyd was die permitstorie nie so moeilik nie. Maar toe kom die nuwe wet wat sê die papiere moet weg en die vrouens moet pasboekies dra. *(Verward.)* Die boekies was nog nie die grootste ding nie – almal het hulle tog gekry! Die grootste ding was die extension! Nè, Mama?
MAMA. Ehwe.
POPPIE. Dis die toelaat dat jy hier kan bly of kan werk. *(Sy gaan sit op vloer langs Stone en Mosie.)*
MAMA. Ja, as jy nie die reg het om hier te bly nie, al het jy die boekie, dan help dit jou niks. *(Sy gaan sit op die blik. Hulle sit nou in 'n halwe kring.)* En al het jy die reg, dan moet jy tog agter 'n tyd office toe gaan om jou pas te change, want daai tyd wat hulle jou gegee het, raak klaar.
MOSIE. En as jy na 'n nuwe werk gaan en die witmense teken jou af, dan's dit weer office toe om die pas te gaan change. Ehwe.

*Ander reageer.*
HOEDJIE *(beweeg opgewonde na groep).* Hoe sit julle dan so? Weet julle nie van die troewelheid in die lokasie nie? Die mense gaan strike vir die moeilikheid met die paste en die permits ...

5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

Verwys na reël 1. Uit hierdie reël lei ons af dat Poppie (al tuis/nog vreemd) in die Kaap gevoel het. (1)

5.2 Noem TWEE dinge wat nie vir Poppie as kind lekker was terwyl sy op Lambertsbaai gebly het nie. (2)

5.3 Noem EEN van die hoogtepunte van Poppie se lewe op Lambertsbaai. (1)

5.4 Hoekom moes Poppie wegtrek uit Lambertsbaai? (1)

5.5 "Die grootste ding was die extension!" (Reël 5)

5.5.1 Vir hoe lank was Poppie se eerste pas geldig? (1)

5.5.2 Omdat Poppie met 'n Xhosa-man getroud was, was dit moeilik om haar pas te verleng. Watter ander rede het dit vir Poppie moeilik gemaak om haar pas te verleng? (1)

Kopiereg voorbehou 

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.6) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 5.6 E.

Stone het nooit die vergadering oor die "strike" (staking/protes) bygewoon nie.

Dit was 'n aanduiding dat Stone ...

A siek was.
B moeg gewerk was.
C nie daarmee saamgestem het nie.
D nie tyd gehad het om sy pas te verleng nie. (1)

5.7 Waarom kan 'n mens sê dat Poppie se broers nie kon kies of hulle aan die staking wou deelneem of nie? (1)

5.8 Waaruit kan jy aflei dat hierdie staking veroorsaak het dat die kinders hulle respek vir grootmense verloor het? (1)

5.9 Poppie het by Mrs Scobie in Rondebossie gewerk.

Gee DRIE redes waarom Poppie ongelukkig by hierdie werk was. (3)

5.10 Hoe het Poppie die eerste keer gevoel toe sy gehoor het dat sy Ciskei toe moes gaan? (1)

5.11 Mev. Retief en Mrs Swanepoel het Poppie met haar pas gehelp.

Motiveer waarom Mrs Swanepoel Poppie uiteindelik die meeste gehelp het. (1)

5.12 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die aanhaling hieronder is 'n voorbeeld van dialoog uit die drama.

*"(Sy gaan sit op die blik. Hulle sit nou in 'n halwe kring.)"* (Reël 10) (1)

5.13 Wat is die funksie van die Engelse woorde in hierdie Afrikaanse drama? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

Soos die Xhosa-spreekwoord sê: bendifu-na nje inyathele ekonsini. Ek wou gehad het jy moet op my liddoring trap, daai slag as jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, nie net vir die liddoring nie, maar vir die ou goete ook. Ek dink dis wat nou gebeur.

***

POPPIE. Jakkie mors sy lewe met die kinders saam. *(Die sak wat sy saamgebring het vir Kersfees, pak sy uit.)* Hier is vleis, Mama, nie presente vir die kinders nie, ook nie nuwe klere nie, net eetgoed. Ag, ek is vuil van die stof. *(Sit om haar voete te laat rus.)* Ek het 'n lang pad moes loop. En die busse loop nie algar nie, en dié van die Kaap af, se vensters is stukkend gegooi.

JAKKIE. Dis goed jy't vanaand gekom, Sisi, dit gaan woelig word in die lokasie. Ag, die migrants is dom lat hulle ons nie wil help nie.

POPPIE. Ek slaap vanaand by Mama. *(Sus vir Vukile, maak hom op haar rug vas.)*

MOSIE. Kersfeesdag het Poppie kerk toe gegaan met haar kinders en toe huis toe met Mamdungwana en haar kinders. So drie-uur se kant, nadat hulle geëet en die skottelgoed gewas het, toe merk hulle die lokasie word woelig.

5.14 " ... daai slag as jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, nie net vir die liddoring nie, maar vir die ou goete ook." (Reël 2–3)

5.14.1 Wat is die "liddoring" waarna in hierdie uittreksel verwys word? (1)

5.14.2 Wat was die "ou goete" waarvan Mosie gepraat het? (1)

5.15 Hoekom het Jakkie by die kinders se opstand betrokke geraak? (1)

5.16 "POPPIE. Jakkie mors sy lewe met die kinders saam." (Reël 5)

Stem jy saam met dit wat Poppie sê? Motiveer jou antwoord. (1)

5.17 Hoekom was die kinders tevrede om nie die lekker dinge van Kersfees te kry nie? (1)

5.18 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.18.1–5.18.2) neer.

| Mosie; Thandi; Hoedjie; Mama |
|---|

(5.18.1) ... het nie van die opstande gehou nie, maar het verstaan waarom dit gebeur het. Aan die ander kant was (5.18.2) ... net bekommerd dat die kinders in die tronk sou beland. (2)

5.19 Sekere mense het die kinders tydens die protesaksie ondersteun en ander nie.

Kies die karakters in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.19.1–5.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.19.1 | Die ... het nie omgegee dat die kinders in die protesaksie kon seerkry nie. | A | sjebeen-eienaars |
| | | B | migrants |
| 5.19.2 | Die ... het tydens die protesaksie aan die kant van die kinders baklei. | C | city-borners |
| | | D | inwoners van Nyanga |
| 5.19.3 | Die ... het gesê as die kinders gepraat het, moes die mense luister. | E | polisie |
| 5.19.4 | Die ... het gesê hulle laat hulle nie voorsê deur die kinders van slegte vrouens nie. | | |

(4 x 1) (4)

5.20 Watter tragiese einde het hierdie Kerstyd vir Poppie en haar familie gehad? (1)

5.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.21) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 5.21 E.

Jakkie het gesê dat die migrants hulle nie wou help nie omdat die migrants ...

A nie dieselfde tradisies as die kinders gehad het nie.
B nie die kinders se saak ondersteun het nie.
C die city-borners se werk gevat het.
D van die tuislande af gekom het. (1)

5.22 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.22) en die antwoord neer.

Daar was (minder/meer) geweld by hierdie opstande van die kinders as by die opstande van die grootmense vroeër jare. (1)

5.23 'n Drama bestaan uit verskillende fases.

Skryf die volgende vier fases onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Poppie het ophou stry en haar kinders toegelaat om aan te gaan.
- Poppie moes baklei vir 'n pas met die regte permit daarin.
- Poppie en haar familie moes Nyanga toe trek.
- Ons het Poppie se agtergrond leer ken. (4)

**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

KATRIEN: Hendrik, los die kind. *(Hy hoor nie; of wil nie hoor nie: hy sit nog steeds en staar.)* ... Hendrik!
HENDRIK: Wat maak ek?
KATRIEN: Los hom net.

Die hele gesprek vind plaas sonder dat Katrien een keer omkyk. Maar op haar gesig is iets soos pyn of dalk frustrasie.

7. Voor die agterdeur op die klipharde kaal werfie hang Katrien vadoeke aan die wasgoeddraad.
Die passasierstrein kom verby. Sy staan tussen die vadoeke, haar hande op die draad, en kyk hoe die kompartemente verbyflits.

8. Emma, miskien nog in haar nagklere, staan op die stoep en kyk.

9. Klein Willem sit in sy kamer op die vensterbank en kyk. 'n Mens weet dis sy kamer, want die dak hang vol vliegtuigies en die mure is vol prente van motors en rugbyspelers.

10. Katrien staan steeds buite by die wasgoeddraad en kyk hoe die laaste kompartemente verbygaan. Haar oë volg die kondukteurswa. Sy staan en kyk hoe die trein wegraak. Eers dan, ná nog 'n paar tellings, draai sy om en loop die huis in. Maar haar kop is by die trein.

KATRIEN *(roep êrens)*: Boetie, die trein is verby. *(Kort pouse.)* Jy gaan laat wees. *(Pouse.)* Moenie vergeet om jou pa te groet nie.

***

HENDRIK: O nee, nie so nie. Sê! *(Die kind hou aan wuif met 'n oop handpalm.)* Sê, Willem. *(Dringend, maar nie onvriendelik nie.)* Sê "tot siens, Pa".

6.1 Waarom het Hendrik so na Willem gestaar? (Reël 1–2) (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.2) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.2 E.

Die openingstoneel van 'n drama is baie belangrik omdat dit gewoonlik ...

A reaksie by die leser wil ontlok.
B die slot van die drama voorspel.
C die ontknoping duidelik uiteensit.
D die ruimte en karakters bekendstel. (1)

6.3 Waarom was Katrien gefrustreerd? (Reël 5–6 ) Gee DRIE redes. (3)

6.4 Die McDonalds se werf word as 'n "klipharde kaal werfie" beskryf. (Reël 7)

Hoe stem hierdie beskrywing van die ruimte met die gevoelens van die karakters ooreen? (1)

6.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.5) en die antwoord neer.

In hierdie drama leer ons Katrien ken as die tipiese huisvrou wat kosmaak en skoonmaak.

Haar karakter is dus 'n voorbeeld van (manipulering/stereotipering). (1)

6.6 Verwys na reël 11 en voltooi die sin hieronder.

Die "8" dui die agtste ... in die drama aan. (1)

6.7 Willem se kamer was gepas vir 'n seun – vol vliegtuigies en prente van motors en rugbyspelers. Tog het hy by sy ouers in die kamer geslaap.

Hoe verklaar jy dit? (1)

6.8 Treine speel verskillende rolle in verskillende karakters se lewe.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die rol in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Die beheer oor die kom en gaan van treine het sin aan hierdie karakter se lewe gegee. | A | Emma |
| | | B | Katrien |
| 6.8.2 | Die trein het hierdie karakter terugneem na die lewe wat die karakter geken het. | C | Manuel |
| | | D | Willem |
| 6.8.3 | Die koms van die sirkustrein het hierdie karakter laat besef hoeveel die lewe vir 'n jongmens bied. | E | Hendrik |
| 6.8.4 | Hierdie karakter het gereeld aan treine gedink as 'n bevryding uit 'n alledaagse bestaan. | | |

(4 x 1) (4)

6.9 Frans se groen bakkie het gereeld op die McDonalds se werf gestop.

6.9.1 Waarom het Frans so gereeld by die McDonalds opgedaag? Gee TWEE redes. (2)

6.9.2 Hoekom het Hendrik nie daarvan gehou dat Frans so gereeld by hulle gekom het nie? (1)

6.10 Wat was die McDonaldgesin se groot probleem volgens hierdie uittreksel? (1)

6.11 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die probleme tussen Hendrik en Katrien het nie vir Emma gepla nie. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

127. By die voertuie staan Jan Mol met sy geweer oor sy bakkie se oop deur en aanlê na die wasgoed toe. Twee, drie skote klap vinnig op mekaar. Almal lag. Dan klim hy in sy bakkie en almal ry.

128. Die gesin om die etenstafel. Manuel is nie by nie. Willem aanvanklik ook nie. Hulle eet.

HENDRIK: Wie dink hulle is hulle? *(Hy is baie opgeskroef.)* Wie de moer dink hulle is hulle?
KATRIEN: Hendrik.
HENDRIK: Nee, ek vra. Ons pla niemand. Ons sukkel aan op ons eie manier. Ek laat verdomp niemand my rondneuk met 'n spul mausers nie.
KATRIEN: Dis hoekom ek sê: gaan polisie toe.
HENDRIK: Nee, Katrina. Die polisie is saam met hulle. Ek het gesien daardie dag toe die polisie hier was. Hulle verstaan g'n niks van ons af nie.
EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.
HENDRIK: Presies! Ons is maar net mense. Wat ons ding op ons eie manier doen. Maar daar's 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle.

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?
WILLEM: Hy slaap.
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. ...

6.12 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.12.1–6.12.2) neer.

| aanvaar; | gewantrou; | vergewe; | weggesteek |
|---|---|---|---|

Uit die optrede van Jan Mol en die ander dorpsmense blyk dit duidelik dat hulle die nar (6.12.1) ... het. Die McDonalds, aan die ander kant, het die nar (6.12.2) ... (2)

6.13 Wat kan ons aflei uit die feit dat die mans oor Jan Mol se optrede gelag het? (Reël 2–3) (1)

6.14 Terwyl Manuel siek was, het Willem hom probeer opbeur. Wat het Willem gedoen? (1)

6.15 Verwys na reël 6 en 7.

Is dit aanvaarbaar dat Hendrik hier sulke sterk taal gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

6.16 In reël 9 sê Hendrik: "Ons sukkel aan op ons eie manier."

Watter TWEE aanduidings is daar in die drama dat hulle finansieel gesukkel het? (2)

6.17 Verwys na reël 12 en 13.

By watter vorige geleentheid het die polisie die McDonalds ook nie verstaan nie? (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.18) en die antwoord neer.

"Julle doen dit soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle." (Reël 16–17)

Só 'n dreigement is 'n manier om mense te (motiveer/intimideer). (1)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.19 E.

Waarom het die dorpsmense die McDonalds veroordeel?

A Die McDonalds het 'n sukkelbestaan gevoer.
B Die McDonalds het nie gereeld kerk toe gegaan nie.
C Die dorpsmense het skinderstories oor die gesin geglo.
D Die dorpsmense het nie van Manuel geweet nie. (1)

6.20 Die gebeure hieronder hou verband met die verhouding tussen die McDonalds en die gemeenskap.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die mense het by die Volstruisdans baklei.
- Jan Mol het Manuel geskiet.
- Manuel het met die trein vertrek.
- Sakkie du Toit het die McDonalds om verskoning gaan vra. (4)

6.21 Manuel se paljas het positiewe gevolge vir die McDonaldgesin gehad. Noem TWEE gevolge. (2)

6.22 Waarom is die gemeenskap se veroordeling van die McDonalds vir Suid-Afrikaners relevant? (1)
**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se kind. |
| MAGISTRAAT: | Wag nou, seun, dit is nie vir my 'n maklike taak hierdie nie. Aan die begin sal dit vir jou vreemd wees om weer onder jou eie mense terug te wees. |
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se hanskind. |
| MAGISTRAAT: | Ekskuus? |
| BENJAMIN: | Ek is haar hanskind. Die Here het my aan my ma toebetrou. Ek is Fiela Komoetie se kind, weledele heer. Ek sweer, baas. Die bosvrou lieg as sy sê ek is haar kind. |
| MAGISTRAAT: | (*kom staan reg voor hom*): Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe. |
| BENJAMIN: | Ek is Fiela Komoetie se kind, baas, ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys. |
| MAGISTRAAT *beweeg na die deur.* | |
| BENJAMIN: | Baas, asseblief. |
| MAGISTRAAT: | Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord gebruik nie. Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat. |
| BENJAMIN: | Asseblief, weledele heer, ek is Fiela Komoetie se kind en my pa is Selling Komoetie. |

7.1 Wat was die naam van die plaas waar Fiela Komoetie gebly het? (1)

7.2 Op watter dorp het die hofsitting plaasgevind? (1)

7.3 Verduidelik waarom die sensusmanne reg opgetree het om vir Benjamin van Fiela af weg te vat. Verwys in jou antwoord na die politieke konteks van daardie tyd. (2)

7.4 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.2) neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ontuis; | minderwaardig; | geliefd; | hoogmoedig |

Benjamin se ervaring van die verskillende ruimtes was **ironies**. Al was die Lange Kloof 'n harde, kaal wêreld, het Benjamin daar (7.4.1) ... gevoel. Maar in die plantryke en voëlryke bos, het Benjamin (7.4.2) ... gevoel. (2)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.5 E.

Die magistraat het gedink dat hy die regte besluit geneem het omdat ...

A hy die wette van die land geken het.
B hy aanvaar het dat die Bosvrou eerlik was.
C daar reeds jare lank na 'n verlore kind gesoek is.
D hy geweet het dat Selling vroeër in die tronk was. (1)

Kopiereg voorbehou 

7.6 " ... ons is nie kaalgatte nie, baas, ek sweer. Ek het vyf sjielings om dit te wys." (Reël 12–13)

Op watter DRIE maniere (behalwe met die vyf sjielings) het Fiela nog seker gemaak dat Benjamin 'n goeie indruk op die magistraat sou maak? (3)

7.7 "Hiervandaan gaan jy saam met jou ouers huis toe." (Reël 10–11)

Watter voordeel het hierdie besluit van die magistraat vir die volgende karakters ingehou?

7.7.1 Elias (1)

7.7.2 Nina (1)

7.8 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die Van Rooyens het vir Fiela vriendelik ontvang toe sy Benjamin se goed by hulle gaan afgee het. (1)

7.9 Die volgende gebeure hou verband met die tydlyn van Lukas/Benjamin.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Benjamin is deur die sensusmanne ontdek.
- Benjamin het sekerheid oor sy identiteit gekry.
- Fiela het vir Benjamin voor haar agterdeur gekry.
- Benjamin het Bos toe gegaan as Lukas van Rooyen. (4)

7.10 Hoe kry die dramaturg in hierdie uittreksel dit reg dat die leser Benjamin se vrees aanvoel? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LUKAS *(op band):* Die een met die blou hempie aan. Een man se wil. Een man se mag. Ek kan hom met my kaal hande vermoor. Die een met die blou hempie aan. Een simpele sin. Een simpele sin wat Fiela Komoetie soos 'n mal ding oor die berg laat loop het en Selling die pad hoe lank laat dophou het. Ek is niemand.

***

KITTIE: Pa kan maar sê wat ek moet skryf.
FIELA: Jou pa sal nie vandag eerste sê nie. Ek sal begin.
SELLING: Maar, Fiela ...
FIELA: Stil. Skryf vir hom Ma sê dit lê donker in Ma se gemoed oor hom. Ons het nie van hom gehoor nie. As dit goed gaan en hy's gesond, is alles reg, maar as dinge vir hom verkeerd loop staan en bodder het, moet hy skryf wat meer as bid ons vir hom kan doen. Sê vir hom Ma sê ...
KITTIE: Stadig, Ma.
FIELA: Skryf vir hom Ma sê: Om te gaan lê is een ding en om weer op te kom 'n ander. Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ...
KITTIE: Stadig, Ma. Ek is nou maar eers by die tweede op.
FIELA: Skryf mooi, Kittie, moenie jou letters so groot maak nes 'n kind nie. Sê vir Benjamin Ma sê hy moet huis toe kom as dinge te swaar op hom druk. Sê vir hom ons bou al op die ander grond.

7.11 Wat is die funksie van "*(op band)*" in die eerste spreekbeurt? (1)

7.12 Wie was die "een man" na wie Lukas in reël 1 verwys? (1)

7.13 Dink aan Barta soos ons haar in hierdie drama leer ken.

Gee TWEE redes waarom sy haar so maklik in die hof laat oortuig het om die verkeerde kind te kies. (2)

7.14 Fiela het TWEE keer in die drama "soos 'n mal ding" oor die berg Knysna toe geloop nadat Benjamin nie teruggekom het plaas toe nie.

Gee die TWEE verskillende redes waarom Fiela oor die berg geloop het. (2)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.15) en die antwoord neer.

In die uittreksel kom Fiela baasspelerig voor. 'n Mens ervaar dit egter as positief, want jy weet dat (Fiela daaraan gewoond was om die leiding te neem/ Benjamin hier vir Fiela belangrik was.) (1)

7.16 Die hoofkarakter in hierdie drama het die hele tyd gewonder wie hy regtig is. Verskillende karakters het tot sy onsekerheid bygedra.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.16.1–7.16.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.16.1 Hierdie karakter wou seker maak of Benjamin iets uit sy verlede kon onthou. | A Fiela |
| | B Nina |
| 7.16.2 Hierdie karakter het vir Benjamin gedwing om sy nuwe gesin te erken. | C Selling |
| 7.16.3 Hierdie karakter het hom later in sy lewe laat hoop dat hy wel 'n Komoetie was. | D Elias |
| | E Magistraat |
| 7.16.4 Hierdie karakter het vir Benjamin gesê om sy siel te ondersoek as hy wou weet wie hy regtig was. | |

(4 x 1) (4)

7.17 Benjamin was gelukkig om ouers soos Fiela en Selling te kon hê.

Waarom kan 'n mens sê dat die verhouding tussen Benjamin en Selling goed was? (1)

7.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (7.18) en die antwoord neer.

Die brief wat Kittie aan Benjamin moes skryf, het bewys dat Fiela vir Benjamin wou (ondersteun/kritiseer). (1)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.19) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.19 E.

Fiela sê in die brief aan Benjamin: "Af is makliker as op, maar as jy eers weer op is, kry jy krag om op te bly en ..." (Reël 15–16)

Hoe weet ons dat Fiela dit in haar eie lewe toegepas het? Fiela het ...

A twee keer oor die berg Knysna toe gestap.
B aanhou boer al was Benjamin nie daar nie.
C vir Selling gedwing om op en af te stap sodat sy bene sterker kon word.
D die moed gehad om Benjamin se goed by die Van Rooyens te gaan afgee. (1)

7.20 "Sê vir Benjamin Ma sê hy moet huis toe kom as dinge te swaar op hom druk. Sê vir hom ons bou al op die ander grond." (Reël 18–20)

7.20.1 Noem EEN van die dinge wat op daardie stadium swaar op Benjamin gedruk het. (1)

7.20.2 Wie se grond het Fiela vir Benjamin gekoop? (1)

7.21 Een man met mag (reël 1–2) het Benjamin/Lukas se lewe ontwrig.

Watter les moet mense wat in magsposisies is, hieruit leer? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *SPIEËLBEELDE*

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

### VRAAG 8

8.1 **"VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND" – Dana Snyman**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

… "Is dit nou jou huis hierie, Johannes?" vra ek.

"Dis my huis, Makosi," sê Johannes, en glimlag vir sy huis.

***

Ons laat val die rol ogiesdraad op die grond.

Ek gaan staan langs Johannes se huis.

***

"Waar kry jy al die sinke, hè, Johannes?" vra ek.

"Ek kry hulle so bietjies-bietjies," antwoord hy. "Potch se kant toe. Lichtenburg se kant toe. Hulle kom van oralster af."

"Hoeveel is hier? Weet jy?"

Johannes huiwer nie 'n oomblik nie. "*Forty*," antwoord hy. Veertig.

***

Die deur was glo 'n tafelblad in Rysmierbult se omtes voor dit hier 'n deur kom word het. En die nommerplaat – PHN 895 GP wat sommer net vir die grêndgeit bokant die deur hang, het Johannes in die langgras langs die Potch-pad opgetel.

Die vensterraam kom uit 'n bouval naby die Rietspruit wat eens 'n plaasopstal was. 'n Ander broer van Johannes – nie die een met die Toyota nie – het dit by die boer gekoop en dit Ottosdal toe geneem, waar hy vir hom 'n huis wou bou.

***

Johannes haal 'n sleutel uit sy sak en sluit die Bitter Lemon-groen deur oop. Dit ruik na iets van als in Johannes se huis: tabak en paraffien, Lifebuoy-seep, sweet en piesangs.

8.1.1 In watter township het Johannes gebly? (1)

8.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.2) en die antwoord neer.

Johannes het vir sy huis geglimlag. (Reël 2)

Hieruit lei ons af dat Johannes (skaam vir/trots op) sy huis was. (1)

8.1.3 Gee DRIE redes waarom ons kan sê dat die verteller daardie dag gesien het dat Johannes met die eenvoudige dinge in die lewe tevrede was.

Verwys in jou antwoord na die binnekant en die buitekant van Johannes se huis. (3)

Kopiereg voorbehou 

8.1.4 Johannes huiwer nie 'n oomblik nie. "*Forty*," antwoord hy. (Reël 9)

Johannes se antwoord sluit by die figuurlike betekenis van die titel aan. Wat is die figuurlike betekenis van die titel? (1)

8.1.5 Hoekom het die verteller die kleur van die deur as Bitter Lemon-groen herken? (Reël 18) (1)

8.1.6 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Volgens die verteller was die dinge op Johannes se werf tipies van die township-lewe. (1)

8.1.7 Die gebeure hieronder hou verband met die verloop van die kortverhaal.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die verteller het die wynrooi bank herken.
- Johannes het hulp nodig gehad om die rol ogiesdraad by sy huis te kry.
- Die verteller en Johannes het by Johannes se huis aangekom.
- Johannes het vertel waar hy die materiaal gekry het om sy huis te bou. (4)

8.1.8 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (8.1.8(a)–8.1.8(b)) neer.

| eksposisie; | humor; | ironie; | slot |
|---|---|---|---|

In die (a) ... van die kortverhaal het die verteller erken dat hy nie Johannes se regte naam ken nie. Die (b) ... hiervan lê daarin dat die ek-verteller Johannes al jare lank ken. (2)

8.1.9 Waarom kan 'n mens sê dat die wynrooi bank in Johannes se huis mooi herinneringe vir die verteller gebring het? (1)

8.1.10 Hoekom is die slot van hierdie kortverhaal vir die leser 'n verrassing? (1)

8.1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.1.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 8.1.11 E.

Die skrywer se bedoeling is om die leser te laat besef dat …

A armoede 'n verskoning vir slordigheid is.
B 'n mens lekker met weggooigoed kan leef.
C Suid-Afrikaners nie mekaar se leefwêrelde verstaan nie.
D mense nie moet neersien op ander wat minder as hulle het nie. (1)

**EN**

8.2 **"VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Sy knik. "Drie maande gelede. Ek het … van die skool afgekom. Daardie dag het hulle by die skool afgekondig dat …"

***

Hy sit haar verdwaas en aankyk. Die hande wat sy teen haar ribbes druk, is skraal en fyn, met goedversorgde vingernaels.

"Weet jou ... ma-hulle?" vra hy.

"Niemand weet nie," sê sy.

"Dan ... is hierdie ... 'n sitting van die Waarheidskommissie," sê hy. "Ons vertel ... die waarheid vir mekaar. Eindelik."

Sy lig haar wenkbroue, verstaan meteens. "Sowaar," sê sy. "Miskien is dit ... goed so."

"Ek wonder ... wat die ander drie ... se ware storie is," sê hy. "Elke mens het seker sy eie ... nagmerrieverhaal?"

Hy hoor die geloei van sirenes en kyk op. Daar is mense bo teen die berg; hulle gaan binnekort boontoe gehelp word.

"Precious," sê hy, "ek ... is jammer oor wat jou oorgekom het. Maar jy moet ook vasbyt. Asseblief. Jou naam pas by jou. Iemand soos jy ... moet vasbyt."

Daar rol los klippe teen die hang af; die reddingswerkers klim haastig ondertoe.

"Ek het 'n goeie salf by die huis," sê sy. "Sulke dik goed. Jy kan dit probeer. Ek bring dit Maandag vir jou saam."

8.2.1 "Daardie dag het hulle by die skool afgekondig dat …" (Reël 1–2)

(a) Wat het hulle daardie dag by die skool afgekondig? (1)

(b) Watter traumatiese ervaring het Precious daardie dag gehad? (1)

8.2.2 Waarom word daar in hierdie uittreksel (reël 7) na die Waarheidskommissie verwys? (1)

8.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 8.2.3 E.

Met die woord "Eindelik" (reël 8) bedoel Coenie dat …

A alle mense verstaan wil word.
B mense nooit eerlik met mekaar is nie.
C alle mense iets het wat hulle van mekaar wegsteek.
D dit lankal tyd was dat mense eerliker met mekaar moes wees. (1)

8.2.4 Hoekom, dink jy, het Coenie teenoor Precious erken hoe hy oor sy velprobleme gevoel het? (1)

8.2.5 Die naam "Precious" beteken "kosbaar". Op watter manier was Precious vir Coenie kosbaar? (1)

Kopiereg voorbehou 

8.2.6 Watter ander meisie in die skoolbussie, volgens Coenie, het hom nie soos 'n hond laat voel nie? (1)

8.2.7 Die skoolbussie het op pad na die kompetisie gerol.

Kies die karakter in KOLOM B wat saam met Coenie in die skoolbussie was, wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.2.7(a)–8.2.7(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Hierdie karakter was bekommerd oor die weersomstandighede. | A Louise Alberts |
| | B Precious Bapela |
| (b) Hierdie karakter het gevoel alles was onder beheer. | C Tooi Buchner |
| (c) Hierdie karakter het gehoor dat die weer sou verbeter. | D Mevrou Buchner |
| | E Solomon Chauke |
| (d) Hierdie karakter was bang dat hulle sou doodgaan. | |

(4 x 1) (4)

8.2.8 Wat leer ons uit hierdie kortverhaal? (1)

8.2.9 Waarom kan 'n mens sê dat die ongeluk die belangrikste insident in hierdie verhaal is? (1)

8.2.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.10) en die antwoord neer.

Die beletseltekens by Coenie se woorde in reël 11–12 beklemtoon dat hy sy woorde (versigtig gekies het/duidelik uitgespreek het). (1)

8.2.11 Die titel van hierdie kortverhaal is "Van Precious: 'n Buisie salf".

(a) Wat is die denotatiewe betekenis van "salf" in die titel? (1)

(b) Wat is die konnotatiewe betekenis van "salf" in die titel? (1)

8.2.12 Waarom is dit effektief dat die titel van die kortverhaal eers in die slot duidelik word? (1)

8.2.13 "Ek bring dit Maandag vir jou saam." (Reël 21)

Wat, dink jy, het hierna met Coenie en Precious se vriendskap gebeur? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL***

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte.

## VRAAG 9

9.1 Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE – HA Fagan**

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.

Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

9.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.1) en die antwoord neer.

Op grond van die strofebou kan 'n mens sê dat hierdie gedig 'n voorbeeld van (vrye vers/'n Engelse sonnet) is. (1)

9.1.2 Waarom speel hierdie gedig spesifiek in die nag af? (1)

9.1.3 Hoe beklemtoon die spreker die aanhoudende beweging van die golwe? (1)

9.1.4 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (9.1.4(a)–9.1.4(b)) neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| beskermende; | bekende; | eensame; | gevaarlike |

In strofe 1 raak die leser daarvan bewus dat die spreker se huisie op 'n (a) ... plek staan. Uit strofe 3 kan 'n mens aflei dat die spreker die huisie nogtans as 'n (b) ... plek ervaar. (2)

9.1.5 Noem die DRIE aparte woorde uit strofe 2 waarmee die wind se geluid beskryf word. (3)

9.1.6 Wat simboliseer die verkleiningsvorm "vuurtjie" en "kersie" in strofe 3? (1)

9.1.7 Hoekom herhaal die spreker "my" en "ek" in versreël 9–11? (1)

9.1.8 Verwys na versreël 11–12.

Watter woord sou 'n mens in die plek van die kommapunt aan die einde van versreël 11 kon gebruik? (1)

9.1.9 Kies die aanhaling in KOLOM B om by die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.1.9(a)–9.1.9(d)) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| (a) Assonansie | A "Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag, soos van verlore siele in hul nood ..." |
| (b) Alliterasie | B "Ek het 'n huisie by die see" |
| (c) Vergelyking | C "maar nog **<u>s</u>**oek en **<u>s</u>**mag ..." |
| (d) Kontras | D "... **<u>aa</u>**neen, **<u>aa</u>**neen die golwe sl**<u>aa</u>**n teen**<u>aa</u>**n" |
| | E " ... hoe loei die storm daarbuite, ... hierbinne is dit veilig ..." |

(4 x 1) (4)

9.1.10 Watter SOORT rym vind ons in die koeplet? (1)

9.1.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (9.1.11) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.1.11 E.

Wat is die boodskap van die gedig volgens die slotstrofe?

A Die huisie by die see is op 'n rots gebou.
B Die spreker hou van die wind, weer en oseaan.
C Die spreker is veilig teen letterlike en figuurlike storms.
D Die huisie mag klein wees, maar dit is die spreker se eiendom. (1)

9.1.12 Die slotstrofe skep die indruk dat die spreker vol selfvertroue is. Hoe kry die spreker dit reg om sy selfvertroue uit te druk? (1)

**EN**

9.2 Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**PALIMPSES – Johann de Lange**

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

9.2.1 Watter woord in strofe 1 dui daarop dat daar geen wolke in die lug is nie? (1)

9.2.2 In reël 1–3 skryf die bome 'n boodskap.

(a) Watter boodskap, dink jy, skryf die bome? (1)

(b) Hoekom verstaan die mense nie die boodskap van die bome nie? (1)

9.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (9.2.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.2.3 E.

Die herhaling van "en" in reël 6 en 7 is om ...

A by die ritme van die gedig in te pas.
B die gebruik van die komma uit te skakel.
C te beklemtoon dat die bome hulpeloos in die hele proses is.
D te beklemtoon dat die hout op verskillende maniere verwerk word. (1)

9.2.4 Die verskillende stappe in die maak van papier word genoem. Skryf EEN WOORD uit die gedig neer wat ELK van die volgende stappe aandui:

(a) Die bome word afgekap. (1)

(b) Die hout word fyngemaak. (1)

(c) Die papierpap word gemaak. (1)

9.2.5 Wie is die "hy" van wie in strofe 2 gepraat word? (1)

Kopiereg voorbehou 

9.2.6 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die "pyn" in versreël 13 verwys net na die fisiese pyn wat die bome ervaar.

Verwys in jou antwoord na die betekenis van pyn in hierdie gedig. (1)

9.2.7 Skryf EEN klanknabootsende woord uit strofe 2 neer. (1)

9.2.8 In hierdie gedig word houtkappers en skrywers teenoor mekaar gestel.

(a) Watter gereedskap gebruik die houtkappers om die bome af te kap? (1)

(b) Wat gebruik die "hy" in strofe 2 om iets nuuts te skep? (1)

9.2.9 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE in strofe 2 verwys na papier? (1)

9.2.10 Die titel en die boodskap van hierdie gedig verwys albei na herwinning.

Motiveer hierdie stelling deur na die titel en die gedig te verwys. (2)

9.2.11 Hoe word die "hy" die stem van die "stil" bome? (1)

9.2.12 Hoekom is hierdie gedig relevant vir ons samelewing? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou